# DRAMA – Afrikaans

**Helderberg en omgewing:**

**Venue** : **The Drama Factory, Asla Park, Strand**
**Datums** : Middel Augustus, begin September

**Overberg:**

**Venue** : **Curro Hermanus (Laerskool)**
**Datums** : 3 en 4 Augustus 2026

Konvenor : Jeanetta Verdoes
Navrae : 0825661055 (verkieslik whatsapp boodskappe)
E-pos : djverdoes@mweb.co.za

## BELANGRIKE INLIGTING

- **INSKRYWINGS**
  - **1 Junie – 22 Junie 2026**
  - Die inskrywingssisteem is geprogrammeer om **op 22 Junie** om **middernag** te sluit.
  - Dit is onmoontlik om **LAAT INSKRYWINGS** by te voeg. Respekteer dit asb.
  - Alle **rekeninge (generated invoices) moet teen 22 Junie afgelaai** en betaal wees.

- **PROGRAMME / TYDROOSTERS**
  - 'n Voorlopige program sal gedurende die Junie vakansie aan affiliate ge-e-pos word.
  - Ná die vakansie het affiliate een week grasie om inskrywings te kontrolleer.
  - Veranderinge moet voor 24 Julie aan die konvenor ge-e-pos word.
  - Let wel! Plaasvervangers is toelaatbaar, maar nie meer nuwe inskrywings nie.
  - **FINALE programme** sal aan alle affiliate gestuur word.
  - **Onttrekkings** moet 'n dag voor die tyd aangemeld word.

- **KLEREDRAG**
  - Eie keuse – verskieslik nie skooldrag nie.

- **DEELNEMERSTROKIES**
  - Beskikbaar op die tuisblad. Dit kan getik word of met die hand ingevul word.
  - Merk asb die item met 'n "highlighter".
  - Elke item moet sy eie deelnemerstrokie hê.
  - 'n Afskrif van die deelnemer se gedig, prosa, ens. moet asseblief saam met die voltooide deelnemerstrokie in 'n A4 plastiekslopie geplaas word en tydens optrede aan die beoordelaar oorhandig word.

### Glyskaal

| Aantal leerders in die skool | Maksimun deelnemers per item, per graad, per taal |
|---|---|
| 100 - 500 | 6 |
| 500 - 1000 | 8 |
| 1000 - 1500 | 10 |

# Solo (Individuele) Afdelings

**R100 per inskrywing vir alle solo (individuele) afdelings**

## Poësie (Grade beskikbaar: Gr. R – 12)

- Die gekose gedig moet die ouderdom, persoonlikheid en bevoegdheidsvlak van die deelnemer pas.
- Deelnemers moet van gepaste emosie en gesigsuitdrukkings gebruik maak.
- Die gedig moet as 'n persoonlike ervaring aangebied word.
- Vermy onnatuurlike, geforseerde bewegings.
- Natuurlike liggaamstaal is aanvaarbaar.
- Maak van pouses, frasering, verandering in tempo en variasie in stemtoon gebruik om die optrede interessant te maak.

## Voorbereide Lees Grade beskikbaar: Gr. 1,2,3 (**slegs grondslagfase**)

- Tydsbeperking: 2 minute
- Deelnemers mag hul eie leesstukke kies.
- Die beoordelaar behou die reg om die optrede te stop as die afsnypunt bereik is.

## Prosa (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Gedramatiseerde prosa sal nie toegelaat word nie.
- Geen rekwisiete mag gebruik word nie en bewegings moet tot 'n minimum beperk word.
- Maksimum tyd vir Graad 4 – 6: 3 minute en vir Graad 7 – 12: 4 minute.
- Die gekose prosa moet die ouderdom, persoonlikheid en bevoegdheidsvlak van die deelnemer pas.
- Slegs prosateks mag gebruik word. Deelnemers sal gepenaliseer word as hulle uittreksels uit toneelstukke gebruik.

## Gedramatiseerde Prosa (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Gedramatiseerde prosa is 'n uittreksel uit 'n prosateks (boek) wat 'n verstaanbare geheel vorm.
- Beweging, rekwisiete en kostuums word toegelaat.
- Tydsbeperking vir Graad 4 – 6: 3 minute en vir Graad 7 – 12: 4 minute.
- 'n Uittreksel van 'n toneelstuk mag nie gebruik word nie.

## Monoloog (Karakterisering) (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Karakterisering is 'n monoloog uit 'n toneelstuk of 'n prosateks.
- 'n Voorstelling van EEN karakter (in die eerste persoon) wat deur handgebare, bewegings en gesigsuitdrukkings voorgestel word.
- Basiese rekwisiete, meubels en kostuums word toegelaat.
- Die uittreksel moet 'n verstaanbare geheel vorm.
- Tydsbeperking vir Graad 4 – 6: **3 minute** en vir Graad 7 – 12: **4 minute.**

## Individuele Mimiek (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Tydsbeperking: 5 minute
- Kostuums en rekwisiete word toegelaat.
- Deelnemers moet 'n titel (of kort opsomming) van hul mimiek aan die beoordelaar gee.
- **<u>Plaas dit en die deelnemerskaartjie in 'n A4 plastieksakkie.</u>**

## Individuele Konsertprogram (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- ‘n Program deur ‘n individuele deelnemer.
- Die program moet ‘n sentrale tema hê.
- Die klem word op verskeidenheid geplaas.
- Deelnemers mag van prosa, ‘n uittreksel uit ‘n drama, mimiek, musiek, ens. gebruik maak.
- Rekwisiete, meubels en kostuums word toegelaat.
- Tydsbeperking: 10 minute
- Deelnemers sal gepenaliseer word as hul die tydsbeperking oorskry.
- Die opstel van meubels en rekwisiete het ‘n tydsbeperking van 3 minute
- Deelnemers moet ‘n kopie van hul program aan die beoordelaar gee.
- **Plaas die kopie en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.**

## Redenaars (Openbare redevoering)

Grade beskikbaar: Gr. 1 – Gr. 12

- Die hoofdoel van hierdie afdeling is om vir deelnemers wat gedurende die jaar hard aan ‘n toespraak gewerk het om aan die ATKV se kompetisie deel te neem, maar dalk nie na die volgende rondtes deurgedring het nie, nog ‘n geleentheid te gee om hul toesprake te lewer.
- Deelnemers wat reeds hierdie jaar aan ‘n ATKV kompetisie deelgeneem het, is welkom om met dieselfde toespraak in te skryf.
- Leerders wat nog nooit deelgeneem het nie, kan nou die geleentheid kry om ook deel te neem ter voorbereiding van toekomstige deelname aan die ATKV se formele kompetisies.

**BELANGRIK**

- Helderberg Eisteddfod beoordelaars is ATKV geakkrediteerde beoordelaars.
- Deelnemers word volgens die ATKV Redenaarskompetisie se standaarde beoordeel.
- Temas en onderwerpe moet op die deelnemerskaartjie aangedui word.

**VOORGESKREWE TEMAS VIR VOORBEREIDE TOESPRAKE**

**(Sien ATKV Redenaars webwerf vir hierdie jaar se temas)**

**https://atkv.org.za/nuus/posts/atkv-redenaars-2026-temas-is-bekend/**

- Uit die tema moet ‘n onderwerp geformuleer word wat ‘n standpunt bevat.
- Die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word.
- Dit is met ander woorde ‘n **beredeneerde toespraak** en nie ‘n inligtingspraatjie, ‘n sedeles (motiveringspraatjie) of ‘n dramatiese voordrag nie.
- Geen onvoorbereide toesprake word gedoen nie.
- Elke deelnemer sal ‘n repliekvorm ontvang.

# DRAMA GROEPE

Groups (Drama)

**R130.00 per dialoog**
**R130.00 per extract from play/prose**
**R170.00 per concert program (group)**
**R170.00 per mime (group)**
**R170.00 per choral verse (4-12 members)**
**R190.00 per choral verse (13 – 30+members)**

## Dialoog (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Die klem val op die kommunikasie tussen die twee karakters.
- ‘n Dialooggedeelte uit ‘n prosa of toneelstuk mag gebruik word.
- Basiese rekwisiete, meubels en kostuums mag gebruik word.
- Tydsbeperking vir opstel van verhoog is 3 minute.
- Tydsbeperking vir Graad 4 -6: 4 **minute**; vir Graad 7 – 12: 7 **minute.**
- Deelnemers moet ‘n kopie van hul dialoog aan die beoordelaar gee.
- **Plaas die kopie en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.**

## Uittreksel uit n drama of prosateks (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Maak gebruik van ‘n uittreksel uit ‘n drama, prosateks of nuut geskrewe teks.
- Minimum 3 karakters.
- Basiese rekwisiete, meubels en kostuums mag gebruik word.
- Tydsbeperking vir opstel van verhoog is 3 minute.
- Tydsbeperking vir Graad 4 -6: 15 minute; vir Graad 7 – 12: 30 minute.
- Deelnemers moet ‘n kopie van hul teks aan die beoordelaar gee.
- Plaas die kopie en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.

## Konsertprogram Groepe (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- ‘n Kort program wat deur twee of meer leerders opgevoer word.
- Daar moet ‘n sentrale tema wees.
- Die klem val op verskeidenheid. Maak van prosa, ‘n uittreksel uit ‘n toneelstuk, mimiek, musiek ens. gebruik.
- Kostuums, meubels en rekwisiete is toelaatbaar.
- Tydsbeperking: 15 minute. Deelnemers wat die tyd oorskry, word gepenaliseer.
- Maksimum deelnemers per groep: 5.
- **Verskillende grade mag saam deelneem – skryf die item volgens die oudste deelnemer se ouderdom in.**
- Tydsbeperking vir opstel van verhoog is 3 minute.
- Deelnemers moet ‘n kopie van hul program aan die beoordelaar gee.
- **Plaas die kopie en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.**

## Groepmimiek (Grade beskikbaar: Gr. 4 – 12)

- Tydsbeperking: 5 minute
- Daar moet ‘n sentrale tema wees.
- Kostuums en rekwisiete word toegelaat.
- Deelnemers moet ‘n titel (of kort opsomming) van hul mimiek aan die beoordelaar gee.
- **<u>Plaas dit en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.</u>**

## Koorspraak (Gr. R – Gr. 12)

- Gebruik van stem, gesigsuitdrukking en atmosfeer word beoordeel.
- Een stem mag nie die groep domineer nie.
- Hou stemme natuurlik.
- Gebruik ‘n verskeidenheid in volume, pouses, klem en stemtoon.
- Rangskik die deelnemers op ‘n interessante manier.
- Maak van klank en ritme gebruik om die meeste uit die stuk te haal.Jy mag van klankeffekte gebruik maak.
- Byvoegings, herhaling van sekere dele, sowel as klein veranderinge in die struktuur van die gedig is toelaatbaar indien dit die aanbieding meer prakties en effektief sal maak.
- Betekenisvolle gebare en bewegings is toelaatbaar.
- Daar is geen beperking in die aantal deelnemers in ‘n spreekkoor nie.
- ‘n Kopie van die stuk moet voor die tyd aan die beoordelaar oorhandig word.
- Tydsbeperking: 3 minutes
- Deelnemers moet ‘n kopie van hul koorspraak aan die beoordelaar gee.
- **<u>Plaas dit en die deelnemerskaartjie in ‘n A4 plastieksakkie.</u>**
- Slegs een sertifikaat per item word oorhandig, behalwe waar groepe uit 12 en minder deelnemers bestaan.

# HELDERBERG EISTEDDFOD

## SPESIALE PRYSE

# DRAMA

## INDIVIDUELE (SOLO) PRYSE

### SERTIFIKAAT VAN UITNEMENDHEID

- 'n Sertifikaat van Uitnemendheid word per graad (Gr. R tot Gr. 12) toegeken aan die deelnemer wat die enkele hoogste persentasie in die verskeie Afrikaanse onder-afdelings behaal het.
- Deelnemers wat slegs aan een item deelgeneem het, is ook kandidate vir hierdie prys.
- Geen prys sal toegeken word indien daar minder as 5 inskrywings per onder-afdeling is nie.

### ERETEKEN (LAPELWAPEN)

- 'n Ereteken word per skoolfase toegeken aan die deelnemer wat die hoogste gemiddelde persentasie (85% +) in 2 of meer solo items in die Afrikaanse afdeling behaal het.
- Die gemiddelde persentasie (85% +) van 'n kandidaat se 2 hoogste punte word bereken – ongeag aan hoeveel items deelgeneem is.

### VEELSYDIGHEID

- Kandidate moet aan **3 of meer** solo items in die Afrikaanse Drama afdeling deelneem.
- Die wenners word deur 'n unieke formule bepaal.
- Junior DRAMA Veelsydigheid (Gr R - 6)
- Senior DRAMA Veelsydigheid (Gr 7 - 12)

## GROEPE

### SERTIFIKAAT VAN UITNEMENDHEID

- Groepwenners word per fase bepaal.
- Geen prys sal toegeken word indien daar minder as 5 inskrywings per groep-afdeling is nie.

| DRAMA | Skool grade |
|---|---|
| Grondslagfase | Gr. R - 3 |
| Intermediêre Fase | Gr. 4 - 6 |
| Senior Fase | Gr. 7 - 9 |
| Gevorderde Fase | Gr. 10 - 12 |
| Ope | |